# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
# *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

**FEBRUARY / *FEBRUARIE***
**MARCH / *MAART***

**2005**

## AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL

**(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Opsomming, Kommunikatiewe Taalgebruik in Konteks en Taalversorging)**

HG **101-1/1**

AFRIKAANS EERSTE/PRIMERE TAAL HG: Vraestel 1

**15 *bladsye***

101 1 1 HG

X05

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL HG**
**(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Opsomming, Kommunikatiewe Taalgebruik in Konteks en Taalversorging)**

**TYD: 2½ uur**

**PUNTE: 100**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae.
- NOMMER vrae presies soos op die vraestel.
- Werk NETJIES.
- BESIN vooraf deeglik en benut die volle tydsduur van die vraestel.

## AFDELING A
## LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Nommer al die antwoorde vir hierdie afdeling in die middel van die bladsy en laat reëls oop tussen die antwoorde.

Lees die onderstaande tekste noukeurig deur en beantwoord die vrae by elke teks.

### Lo! Ganit da? Xse kosa ons SMS'e sorg vir pure lekkerkry en vir malligheid

1. Dit is mos pure lekkerkry as jy uit die bloute 'n SMS van 'n lank verlore vriend of vriendin ontvang met 'n: hallo hoe gaan dit nog.
2. Die probleem is om baie maande se hoe gaan dit nog in sowat 160 karakters in te pas.
3. Die stuur van 'n SMS het in die veranderende samelewing nie net 'n hulpmiddel geword waarsonder mense nie meer kan klaarkom nie, maar ook oorgevloei in 'n SMS-malligheid van prentjies en boodskappe.
4. SMS'e is van die vinnigste kommunikasiemediums aangesien jy nie eers 'n rekenaar hoef te soek soos in die geval van e-pos nie.
5. Die massas boodskappe wat gestuur word, kan deels toegeskryf word aan die aantal Suid-Afrikaners wat selfone besit. Luidens 'n MTN-verklaring is 'n kwart van die bevolking selfoonhouers.
6. Mnr. Ivan Booth van Vodacom se kliëntediens sê die eerste SMS is in Desember 1992 van 'n rekenaar na 'n selfoon gestuur. Min mense kon die sukses van dié kommunikasiemiddel voorspel. Dit is nooit eers geadverteer nie.

**7.** Dit is 'n redelike tydsame proses om 'n boodskap in te tik en die gebruik hiervan het aanvanklik meestal onder jong mense posgevat wat die geleentheid aangegryp het omdat dié kommunikasiemedium so reg in hul kraal pas.

**8.** Dit was aanvanklik ook gratis.

**9.** 'n Paar maande lank is miljoene SMS'e gestuur, maar die gebruik het ietwat afgeneem nadat mense daarvoor moes begin betaal.

**10.** Sogenaamde smileys soos ☺ en ☹ het later ontstaan om die kort boodskap meer persoonlik te maak. Hierna het die skep en toenemende gebruik van prentjies spoedig gevolg en selfs sakeondernemings het die waarde van SMS'e vir interpersoonlike bemarking begin raaksien.

**11.** SMS'e word as 'n radiosein met 'n hoër frekwensie as dié van radiostasies na die onderskeie selfoonnetwerke gestuur en van daar na die ontvanger.

**12.** Oor veral spesiale dae word die netwerke oorval met SMS'e.

**13.** Dit bring soms mee dat 'n boodskap verwerp en weer gestuur moet word.

**14.** Dié tegnologie het waarskynlik daartoe bygedra dat al hoe minder mense Kerskaartjies en Nuwejaarsboodskappe per pos ontvang.

**15.** Die tendens het ook ontstaan dat mense hul eie afkortings vir woorde skep om meer met die vinger te kan sê.

**16.** Kyk byvoorbeeld na gr8 in plaas van great, kosa ons vir kom saam met ons, xsê en C U L8ter. Dan is daar ook Lo! Ganit da? Wa ma jy? X ni lus vi werki. Ga jy sa vnaand? Kry jou by wstel!

**17.** Volgens dr. A.M.E. Naudé van die departement van kommunikasie aan die Universiteit van Potchefstroom skep mense wat gereeld boodskappe stuur sulke kodes. Die kodes maak die intik van die boodskap makliker. "Ek is net bekommerd dat dit die jong mense se taalgebruik verswak, aangesien dit al oorgevloei het na e-posboodskappe."

**18.** 'n Nuwe SMS-diens, Positive News Service, het intussen ook die lig gesien. Dit stuur hoofsaaklik goeie nuus na Vodacomkliënte. Dit handel oor die sterker rand, die stygende goudprys, die daling in die inflasiekoers en die hoeveelheid buitelandse valuta wat in die land bestee word. Die goeie nuus van die dag word in 'n enkele SMS na die kliënt gestuur. "Daar is elke dag iets goeds wat in ons land gebeur," sê Booth. "Ons moet net die goeie nuus versprei."

**19.** SMS'e is ook nuttig in tye van nood, soos waar dit 'n man se lewe gered het in die sneeubedekte Ornellaberge in Italië. Hy het van sy ski-makkers weggedwaal en het toe 'n selfoonboodskap aan sy ma in Brittanje gestuur wat die polisie in Italië in kennis gestel het.

**20.** Prof. Johannes Froneman van die kommunikasiedepartement aan die PU vir CHO sê SMS'e het 'n kultuur in kommunikasiemedia geword wat 'n mens se behoeftes vinniger en makliker bevredig.

**21.** "Dit is ook die norm om 'n SMS terug te stuur wanneer jy een ontvang het, daarom is daar so baie boodskappe wat gestuur word.

**22.** In vervelige geselskap sien mens ook baie keer hoe mense met die regterhand sit en SMS'e stuur bloot om die tyd verby te kry."

(Verwerk uit: ***Naweek-Beeld***, 8 Februarie 2002)

1.1 Verduidelik wat bedoel word met **'n lank verlore vriend of vriendin** in paragraaf 1. (1)

1.2 Wanneer ontvang 'n mens iets **uit die bloute** (par. 1)? (1)

1.3 Is die feit dat 'n kwart van die bevolking selfoonhouers is, die enigste rede dat daar so baie SMS-boodskappe gestuur word? Motiveer jou antwoord met 'n frase uit paragraaf 5. (2)

1.4 Watter afleiding maak jy uit die feit dat die gebruik van SMS-boodskappe nooit geadverteer is (par. 6) toe dit die eerste keer gebruik is nie? (1)

1.5 Verklaar die uitdrukking **so reg in hul kraal** in paragraaf 7 in jou eie woorde. (1)

1.6 Gee TWEE redes waarom die gebruik van SMS'e as kommunikasiemiddel aanvanklik meestal onder jong mense (par. 7) posgevat het. (2)

1.7 Skryf 'n frase uit paragraaf 12 – 14 neer wat aandui dat selfoontegnologie nie die enigste rede is waarom mense minder Kerskaartjies en Nuwejaarsboodskappe per pos stuur nie. (1)

1.8 Volgens paragraaf 2 is dit nogal 'n probleem om jou sê gesê te kry in slegs 160 karakters. Met verloop van tyd het mense allerlei maniere bedink om boodskappe korter te maak om sodoende meer gesê te kry. Skryf TWEE dinge neer soos blyk uit paragraaf 10 – 16. (2)

1.9 Bewys uit die laaste paragraaf dat hierdie selfoontegnologie ook antisosiale gedrag by mense tot gevolg kan hê. (1)

**[12]**

## "BELOON BEWARING VAN BOME"

**1.** "Suid-Afrika kan twee van sy knellendste probleme – armoede en die vernietiging van sy omgewingshulpbronne – met een klap doodslaan," sê prof. James Blignaut van die departement van ekonomie aan die Universiteit van Pretoria en voorsitter van die *Forum of Economics and Environment*.

**2.** Hy grond sy siening op studies wat Nathan Associates Inc. vir die Werk vir Waterprogram gedoen het wat toon dat indien met bome "geboer" word, armoede in byvoorbeeld die Oos-Kaap binne vyf jaar drasties verminder kan word. Die Oos-Kaap ly saam met dele van Gauteng en Limpopo die meeste onder verswakkende ekologiesisteme.

**3.** Die verswakkende ekologiesisteme, wat die gesondheid en welvaart van mense bedreig, is grootliks veroorsaak deur die afkap van bome en die vrystelling van koolstofdioksied in die atmosfeer.

**4.** Blignaut sê deur bome op groot skaal in die Oos-Kaap, Gauteng en Limpopo te plant, kan die wanbalans van koolstofdioksied en suurstof in die atmosfeer op die lang termyn herstel word.

**5.** Benewens die gesondheidsvoordeel sal die aanplanting van bome ook werk skep. Die inheemse boomplantasies moet ook onderhou, bestuur en bewaar word, wat die werkskepping permanent maak.

**6.** Blignaut sê hoewel daar maniere is om die wanbalans te herstel, is die private sektor se samewerking daarvoor nodig.

**7.** "Die feit dat die lug wat ons inasem gratis is en ondernemings nie daarvoor betaal in hulle produksieprosesse nie, beteken nie dat hulle dit mag besoedel nie.

**8.** Blignaut wys daarop dat die omgewing die afgelope tien jaar al hoe sterker op internasionale forums op die voorgrond getree het. Omgewingsimpakstudies voordat met 'n ontwikkeling voortgegaan mag word, is reeds in verskeie lande in wetgewing vervat.

**9.** Indien die private sektor nie vrywillig wil deelneem aan die bewaring van die omgewing nie, sal hy wel uiteindelik deur wetgewing en ekonomiese werklikhede gedwing word om dit te doen.

**10.** Blignaut stel voor dat Suid-Afrika by Costa Rica gaan leer hoe hulle die afkap van bome stopgesit en so met die herstel van die omgewing vordering gemaak het.

**11.** In Costa Rica is die eienaars van omgewingshulpbronne vergoed om nie bome af te kap en die omgewing te verniel nie, maar eerder bome te plant en bewaar.

**12.** Die vergoedingsgeld is verkry uit 'n betalingsmeganisme waartoe die regering en die private sektor bydra. 'n Heffing op brandstof, asook bydraes deur nasionale en internasionale ondernemings wat die bome wil gebruik as afset vir hul besoedeling, is benut.

(Uit: ***Rapport***, 24 Maart 2002)

1.10 Volgens prof. Blignaut kan twee van Suid-Afrika se grootste probleme met een klap doodgeslaan word. In Afrikaans is daar 'n uitdrukking wat beteken: twee dinge gelyk bereik. Skryf die uitdrukking neer. (1)

1.11 Gee TWEE redes waarom prof. Blignaut met gesag kan praat oor armoede en omgewingshulpbronne in Suid-Afrika. (2)

1.12 Skryf 'n frase uit paragraaf 4 neer wat daarop dui dat die aanplant van bome nie 'n kitsoplossing vir die probleem bied nie. (1)

1.13 Watter TWEE belangrike voordele sal die aanplant van bome in die Oos-Kaap, Gauteng en die Limpopo hê? (2)

1.14 In paragraaf 5 word daar verwys na **inheemse boomplantasies**. Wat is 'n inheemse boom? (1)

1.15 Watter bydrae kan die private sektor lewer om die wanbalans van koolstofdioksied en suurstof in die atmosfeer te herstel? (1)

1.16 Waaruit kan jy aflei dat mense wêreldwyd besorgd is oor die omgewing (par. 6 – 10)? (1)

1.17 Watter voorstel maak Blignaut om die herstel van die omgewing te bevorder? Skryf slegs EEN sin neer. (1)
**[10]**

## **POPMUSIEK** deur wikus du toit

**Johann Erasmus: *Kleinhoewe op die maan* (Rhythm Records / Bowline) *****

Die van julle wat gereeld hierdie resensies lees, sal weet dat ek 'n broertjie dood het aan musiek wat ly aan onkreatiwiteit, kortsigtigheid en kleinburgerlike middelmatigheid, maar ek moet sê die teenoorgestelde is ook waar.




Te veel kreatiwiteit wat nie reg gechannel word nie, musiek wat net te slim en alternatief probeer wees, is net so vervelig. Johann Erasmus se cd *Kleinhoewe op die maan* val half terug na 'n tydperk in Afrikaanse musiek toe Koos Kombuis, Johannes Kerkorrel, Bernoldus Niemand en Valiant Swart nog nie main-stream was nie. Vroeg in die negentigs, toe dinge nog baie anders was as wat ons nou onthou. 'n Tyd toe sulke musiek nog as alternatief geklassifiseer is. Maar nou ja, daai tyd is verby en so ook die varsheid en relevansie van dié musiek. Moet my nie verkeerd verstaan nie, Erasmus se cd het nie net een van die mooiste covers wat ek in 'n lang tyd gesien het nie, maar die album is ook werklik interessant, baie goed uitgevoer en briljant ge-produce, maar ek het ongelukkig die hele klank, inhoud en angle 'n paar jaar terug al 'n duisend keer gehoor. Let's move on. Dit opsy gestoot, luister veral na *Kleinhoewe op die maan* en *Dryfhout*, en luister ook na Lize Beekman en *7de Laan* se Nina Swart wat van die agtergrondsang doen.

(Uit: ***Rapport***, 15 Februarie 2003)

1.18 Wanneer het 'n mens 'n **broertjie dood aan iets** (reël 1 – 2)? (1)

1.19 Skryf 'n frase uit reël 4 – 10 neer wat daarop dui dat die musiek op hierdie CD vir die resensent nie nuut en oorspronklik is nie. (1)

1.20 Waarom is die musiek nie **vars en relevant** nie? (1)

1.21 Alhoewel die resensent nie mal is oor die musiek op die CD nie, noem hy tog drie ander positiewe aspekte daaromtrent. Skryf TWEE van die drie aspekte neer. (2)

**[5]**




1.22 Na watter feestyd verwys die leeu in raampie 1? (1)

1.23 Watter houding teenoor die skiet van klappers openbaar Leeu met sy woorde in raampie 2? (1)

1.24 Wat wil die strokiesprenttekenaar te kenne gee met die bobbejaan se woorde in raampie 3? (1)
**[3]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [30]**

(Uit: ***Naweek-Beeld***, 18 Januarie 2003)

## AFDELING B
### PRÉCIS

### VRAAG 2

In die onderstaande artikel **Oorlog oor die oorlog** word daar gespekuleer oor wat die werklike rede vir die oorlog tussen Amerika en Irak in 2003 was en word daar na VIER moontlikhede en die redes daarvoor gekyk. Lees die teks deur, identifiseer die VIER moontlikhede en redes daarvoor en maak 'n précis daarvan in 80 woorde.

**LET WEL:**

- Telegramstyl is onaanvaarbaar.
- Jou antwoord moet in EEN paragraaf aangebied word.
- Punte sal afgetrek word vir lengte-oorskryding met meer as 4 woorde.
- Dui die totale aantal woorde aan.

## OORLOG OOR DIE OORLOG

Al het die Bush-administrasie hóé probeer om met eties-morele verklarings die Irak-oorlog te regverdig, is dit steeds onduidelik wat die werklike rede daarvoor was.

Die Bush-regering het die oorlog probeer regverdig met beskuldigings dat Irak geheime wapens van massaterreur besit. Maar politieke ontleders wêreldwyd is steeds nie oortuig dit was die eintlike rede nie.

Selfs na die oorlog begin het, was baie vrae steeds onbeantwoord, want die VN-wapeninspekteurs kon met hul deeglike ondersoeke géén van die wapens in Irak opspoor nie. En as daar sulke wapens was, hoekom sou Irak dit nie met die aanvang van die oorlog gebruik om hul land te beskerm nie?

Wenkbroue word ook gelig oor waarom Bush nie Frankryk, Duitsland en Rusland se voorstel in Februarie aanvaar het nie. Hulle het die Verenigde Nasies versoek om meer tyd vir die wapeninspeksie toe te laat.

Ander waarnemers voel die ryk Irakese olievelde was die wortel voor Bush se neus. Die land, wat die grootste deel van wêreldolie beheer, kan 'n baie sterk invloed op wêreldgebeure uitoefen.

Amerika besit self groot olieaanlegte en as hulle boonop dié van Irak bekom, kan hulle die leiers in olieverskaffing aan die wêreld wees. Maar al besit Amerika dié reuseaanlegte, is die Amerikaners beslis ver van selfversorgend af. Daarom kan die Amerikaanse ekonomie 'n uiters gevoelige slag kry as die ryk olielande besluit om olieuitvoer na Amerika stop te sit. Met die toenemende haatverhouding wat die ryk olievoorsienende lande soos Irak teenoor Amerika het, is dit 'n moontlikheid wat nie uitgesluit kan word nie.

Dié aantygings is ten sterkste deur die Bush-administrasie ontken. Hulle het op verskeie persverklarings bevestig hulle wil nie die olievelde van die Irakese wegneem nie, maar net van hul leier, Saddam Hoesein, ontslae raak. Dit is natuurlik nie deur almal vir soetkoek opgeëet nie.

Nog 'n moontlikheid was die bitter pil wat die Bush-administrasie moes sluk. Hulle kon maande na 11 September 2001-terreurdade, ten spyte van regstreekse vergeldingsaanvalle teen die Al-Qaeda-terroristenetwerk, nie daarin slaag om die berugte Osama bin Laden aan te keer nie.

Die Bush-administrasie kon die oorlog gebruik om Amerika se verlore aansien as 'n sterk moondheid in die wêreld te herstel.

Pres. George W. Bush se pa, voormalige pres. George Bush, het ook in 1991 'n minder suksesvolle Golf-oorlog teen Irak gevoer. Ook dié tyd kon hulle nie van Saddam Hoesein ontslae raak nie. Kan dié huidige oorlog dalk een van 'n seun wees wat probeer om dit wat sy pa nie kon nie, klaar te maak?

(Uit: ***Vrouekeur***, 18 April 2003)

**TOTAAL VIR AFDELING B: [10]**

## AFDELING C
## KOMMUNIKATIEWE TAALGEBRUIK IN KONTEKS

### VRAAG 3

- ALLE vrae moet beantwoord word.
- Nommer jou antwoorde presies soos die vrae op die vraestel.
- Laat reëls oop tussen jou antwoorde.

Beantwoord al die vrae wat op die onderstaande tekste gebaseer is:



# rrrramkat!

Nissan se nuwe Hardbody-reeks is robuust, modern en sexy. Ja, sexy, want die gewilde Nissan Hardbody se voorkoms is so verleidelik. Tog is dié gewilde eentonner ook 'n betroubare werkesel en vernuftige veldvoertuig.

Ruweg kan die Hardbody-reeks in twee kategorieë verdeel word: die Hi-Rider ontspanningsmodelle en die intree werkesel-modelle. Die Hi-Rider-modelle is beskikbaar as dubbel- en enkelkajuitmodelle en daar is 'n keuse van vierwiel- of net agterwielaandrywing. Die Hi-Rider-modelle spog met drie enjinkeuses en almal is beskikbaar met 'n handratkas, maar daar is ook een outomatiese model. Al die Hi-Rider-modelle het ook 'n kragstuur met 'n verstelbare stuurkolom as standaard. In die Hi-Rider-reeks sal veral die flink 3-liter-dieselmodel jou aandag trek.

Dié enjin is 'n turbo-aangejaagde 16-klepper wat spog met Nissan se M-Fire-verbrandingstegnologie. Dit ontwikkel 105 kW krag teen 3 400 r/min en wringkrag is 314 Nm teen 'n lae 2 000 r/min, wat veral in veldrytoestande nuttig is.

Die grootste petrolenjin is 'n 3.3-liter V6, wat ontwerp is om teen lae toere meer as genoeg krag te ontwikkel. Kraglewering is 125 kW teen 4 800 r/min en 265 Nm teen 3 600 r/min. Hierdie model is ook met 'n outomatiese ratkas beskikbaar, wat veldry selfs vir groentjies maklik sal maak!

Selfs die Hi-Rider-intreemodel, wat 'n 2,4-liter-enjin met brandstofinspuiting het, is 'n klasleier en die 4x4-weergawe kan ook behoorlik sy man in die veld staan. Dié model se kraglewering is 110 kW teen 5 600 r/min en wringkrag is 'n bruikbare 208 Nm teen 3 600 r/min. Wat passiewe veiligheidskenmerke betref, het al die Hardbodys frommelsones voor en sy-botsingstawe asook remkragverdeling. Die 3 liter-turbodieselmodel en 3.3 liter-V6-dubbelkajuitmodelle het ook sluitweerremme (ABS) wat gekomplementeer word deur 'n bykomende swaartekragsensor wat vaartvermindering meet. Dit sorg dat die ABS-beheereenheid nie veldryery benadeel nie. Binne spog die Hi-Riders onder meer met elektriese vensters, lugverkoeling, bekerhouers en baie gemaklike baksitplekke wat ferm systeun gee. Die topdubbelkajuite het ook 'n bestuurders- en passasierslugsak.

(Uit: ***Veld toe***, Herfs 2003)

3.1 Daar word gewoonlik skertsend na 'n manlike persoon wat besonder goed presteer het, as 'n ramkat verwys. Vandaar die opskrif van die teks. Verduidelik die vreemde skryfwyse van die woord in die opskrif van die teks. (1)

3.2 Nissan se nuwe Hardbody het pas verskyn. Dit is dus nog (nuut). Gee 'n woord vir **nuut** tussen hakies wat intensiteit aandui. (1)

3.3 **Sexy** in reël 2 beteken byderwets, oulik, aantreklik. Maak 'n sin met **seksie** (wat op presies dieselfde wyse as sexy uitgespreek word) om die verskil in betekenis tussen die twee woorde aan te dui. (1)

3.4 Volgens reël 4 is die Nissan Hardbody 'n **werkesel**. Wat is 'n werkesel? (1)

3.5 Gee 'n woord/e met min of meer dieselfde betekenis as **ruweg** in reël 5. (1)

3.6 Herskryf die frase **ontspanningsmodelle** en die **intree werkeselmodelle** in reël 6 – 7 sodat die woord **modelle** net een keer voorkom. (1)

3.7 Verbuig die woorde tussen hakies korrek:

Die Hi-Rider is beskikbaar in klein (modelle, r. 7) wat oor klein botsing-(stawe, r. 30) beskik. (2)

3.8 Wat is die betekenis van die agtervoegsel **–bare** in **verstelbare** in reël 12? (1)

3.9 Waarvoor staan die afkorting **kW** in reël 17? (1)

3.10 Skryf **3 400** in reël 17 uit in woorde. (1)

3.11 Gebruik **toere** in reël 20 in 'n ander betekenis in 'n sin. (1)

3.12 Die petrolenjin is ontwerp om teen lae toere (meer as genoeg) krag te ontwikkel (reël 20). Vervang die woorde tussen hakies met EEN woord wat dieselfde betekenis oordra. (1)

3.13 Waarna verwys **groentjies** in reël 23? (1)

3.14 Wat beteken die uitdrukking **sy man ... staan** in reël 26? (1)

3.15 Hoe noem 'n mens 'n persoon wat nie sy man kan staan nie? (1)

3.16 Wat beteken die volgende uitdrukkings waarin die woord **man** ook voorkom:

3.16.1 iemand aan die man bring? (1)

3.16.2 iemand op die man af iets vra? (1)

3.17 Gee die teenoorgestelde betekenis (antoniem) van **passiewe** in reël 28. (1)


3.18 **gekomplementeer** (reël 32) en **gekomplimenteer** is twee woorde waarvan die spelling en betekenis dikwels verwar word. Maak 'n sin met **gekomplimenteer** sodat die betekenis duidelik blyk. (1)

3.19 Al die Hi-Rider-modelle is (standaard gemaak). Vervang die woorde tussen hakies met EEN woord. (1)

3.20 Al hoe meer (turbo, r. 15) word in enjins ingebou. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

**[22]**

## DIE FEITE OOR BAKSTENE



**TYDLOSE DUURSAAMHEID**

Bakstene hou vir eeue! In Europa is daar baksteengeboue wat reeds sedert die 12e eeu bestaan – meer as 800 jaar oud. Moderne baksteenvervaardigingstegnieke produseer bakstene wat nog duursamer is.

**WAARDE VIR GELD**

Bakstene is goedkoop as hulle duursaamheid en lae instandhouding in aanmerking geneem word. Die aanvanklike koste vir siersteenwerk is die finale koste.

**IN AANVRAAG**

Baksteenwonings is altyd in aanvraag omdat bakstene nie verweer nie, nooit uit die mode raak nie en altyd goed lyk.

**BRANDBESTAND**

Die brandbestandheid van boumateriaal verwys na die tyd wat 'n baksteenmuur teen 'n volskaalse brand staande bly. In alle gevalle het baksteenmure die maksimum gekry vir brandbestandheid.

**ISOLERING**

Bakstene het isoleringseienskappe. Dit demp die klank van verkeer en stadsgeluide en isoleer teen die koue in die winter en die hitte in die somer.

**ONDERHOUDVRY**

'n Huis van siersteen is lewenslank onderhoudvry. Dit behou jaar na jaar sy estetiese voorkoms.

(Uit: ***Beeld***, 22 Maart 2003)

3.21 **Bakstene hou vir eeue!** (reël 2) Op hoe 'n lang tydperk dui 'n eeu? (1)

3.22 Hoe noem 'n mens 'n tydperk van duisend jaar? (1)

3.23 (Mense wat in Europa woon) het van die oudste baksteengeboue gebou (reël 2). Vervang die woorde tussen hakies met EEN woord. (1)

3.24 Baksteenwonings is altyd **in** aanvraag (reël 11). Voltooi die volgende sinne in vaste uitdrukkings deur telkens die korrekte ontbrekende woord in te vul:

3.24.1 Daar is altyd 'n aanvraag ______ baksteenwonings.

3.24.2 Die ANC-regering is ______ bewind in Suid-Afrika. (2)

3.25 **Bakstene raak nooit uit die mode nie** (reël 12); baksteenhuise sal dus altyd (in die mode) bly. Vervang die woorde tussen hakies met EEN woord. (1)

3.26 Gee die teenoorgestelde betekenis van jou antwoord in 3.25 deur van die voorvoegsel **oud** gebruik te maak. (Die antwoord is nie **outyds** nie!) (1)

3.27 Saamgevoegde woorde se betekenisse word bepaal volgens die posisie van hulle woorddele. Let op **baksteenmuur** (reël 15).

3.27.1 Wat beteken die woord hier? (1)

3.27.2 Verduidelik wat jy onder **muurbaksteen** verstaan. (1)

3.28 Die woord **isolering** (r. 17) kan ook op 'n ander wyse geskryf word. Gee die wisselvorm vir dié woord. (1)

3.29 Wat beteken die woorddeel **vry** in onderhoud**vry** (reël 21)? (1)

3.30 **Bakstene het isoleringseienskappe. Dit demp die klank van verkeer en stadsgeluide** (reël 18 – 19). Herskryf die TWEE sinne as EEN sin deur te begin met **Die klank van verkeer en stadsgeluide ...** (2)

3.31 Verduidelik wat bedoel word met 'n **volskaalse** brand in reël 15. (1)

3.32 'n (Huis van siersteen) is lewenslank onderhoudvry (reël 22). Vervang die woorde tussen hakies met EEN woord. (1)

**[15]**




3.33 Watter woorde sou jy in die plek van <u>weduwee</u> in raampie 1 gebruik indien dit 'n man is? (1)

3.34 Leeu wonder in raampie 2 of ou ryk Maans se dogter die enigste (erf) gaan wees. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.35 Volgens Bobbejaan in raampie 3 is daar nog niks definitiefs nie, met ander woorde dit is nog in die ______ skaal. Vul die ontbrekende woorddeel in. (1)

**[3]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [40]**

## AFDELING D
## TAALVERSORGING

### VRAAG 4

- In hierdie afdeling moet jy taalfoute korrigeer.
- Nommer jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.
- Voer opdragte uit presies soos gevra word.

Verwys na die onderstaande teks om die vrae wat volg te beantwoord.

### BOU JOU EIE GRAVITY BIKE

Met die Jip Extreme Bergaf om die draai, het ons bietjie gaan rondsurf op die internet en op hierdie interessante stap-vir-stap plan afgekom bou jou eie gravity bike!

**Stap 1:** Gaan haal jou ou, dood gewone BMX uit die garage verkieslik die standaard 20 duim een. Verwyder al die parte handlebars, sitplek, trappe, wiele, die vurk, als van die raam en dop dit om.

**Stap 2:** Sweis die sitplek met sy pyp aan die raam vas waar die pedale gesit het, sodat die sitplek steeds vorentoe wys. Die onderkant van die sitplek moet net net bo die raam uitsteek.

**Stap 3:** maak kniestutte waar die sitplek gewoonlik is. Glip sommer 'n stuk pyp, so dik soos die sitplekpyp, in die gat waar die sitplek was. Sweis nog 'n stuk metaal loodreg aan hierdie pyp vas, en sit enige form van sagte materiaal soos spons daaromheen. Jou knieë moet op dit kan rus.

**Stap 4:** Jy't nie pedale en 'n ketting nodig nie so haal dit af. Kry taaiers met lekker tread wat nie sal gly as jy om skerp hoeke en draaie jaag nie.

**Stap 5:** Jou gewone brieke gaan nie die ding doen nie, so gaan ratsvinnig na jou naaste fietswinkel en koop V brieke. Die voorste briek sit op die gewone plek, voor die vurk. Die vurk is natuurlik omgedraai sodat dit ondertoe wys. Die agterste briek word op die stuk van die raam gemonteer wat nou parralel met die grond loop, daar waar die briek onder normale omstandighede sou sit, net aan die binnekant van die raam. Onthou net, die briek moet in die raam "vasgedruk" word deur die wiel as die wiel vorentoe draai.

**Stap 6:** In die voorbeeld op die net wat ons gebruik het het die dude motorfietshandvatsels gebruik. Dit waarop neerkom is dat jy plat handvatsels nodig het, iets in die lyn van jou suster se ou meisiesfiets. Haal net die klokkie af. Onthou net om die brake-levers aan die handvatsels te sit.

- Vir meer info, draai by www.doctordanger.com/projects/GravityBikes.HTM. En onthou, hierdie is nie sommer 'n projek wat sonder handskoene, behoorlike beskermende klere en 'n valhelm aangepak moet word nie!

(Uit: ***Jip***, 31 Maart 2003)

4.1 'n Dubbelpunt ontbreek in paragraaf 1 (onder die titel). Waar? (1)

4.2 Kommas ontbreek by Stap 1 en Stap 6. Skryf telkens die woord direk voor en na die ontbrekende komma neer en voeg die komma in. (2)

4.3 Die tweede sin in Stap 1 bevat 'n parentese. Dui dit aan deur van gepaste leestekens gebruik te maak. (1)

4.4 Koppeltekens ontbreek in Stappe 2 en 5. Skryf die woorde korrek neer. (2)

4.5 Korrigeer die hoofletterfout wat in Stap 3 begaan is. (1)

4.6 **Op dit** in Stap 3 is nie goeie Afrikaans nie. Vervang met die korrekte woord. (1)

4.7 Gee goeie, Afrikaanse woorde vir:

4.7.1 taaiers (Stap 4)

4.7.2 info (laaste paragraaf) (2)

4.8 Die Afrikaans vir **tread** in Stap 4 is <u>loopvlak</u>. Gee 'n beter, beskrywende woord in plaas van **lekker** wat saam met <u>loopvlak</u> geskryf sal kan word. (1)

4.9 Die teks bevat twee anglisistiese uitdrukkings. Skryf goeie Afrikaanse ekwivalente neer vir:

4.9.1 nie die ding doen nie (Stap 5)

4.9.2 in die lyn van (Stap 6) (2)

4.10 In Stap 5 is 'n intensiewe vorm van 'n woord verkeerd. Skryf die korrekte vorm neer. (1)

4.11 In Stap 5 is die woordorde van 'n sin wat in die lydende vorm geskryf is, nie korrek nie. Skryf die sin korrek neer. (1)

4.12 In Stap 6 is nog 'n woordordefout begaan. Skryf slegs die frase waarin die fout voorkom, korrek neer. (1)

4.13 Benewens al die ander foute in die teks wat jy reeds gekorrigeer het, is daar nog VIER spelfoute. Identifiseer hulle en skryf korrek neer. (4)
**[20]**

**TOTAAL VIR AFDELING D: [20]**

**TOTAAL: 100**

**EINDE**